DIE VOORTREKKERS SE EIE ABC

Piet Strauss

Daar is min dinge in Die Voortrekkers wat mens so maklik onthou as die ABC van hierdie beweging.

Ek praat natuurlik van Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap. Of, as mens dit 'n bietjie verduidelik: *moderne* Afrikanerskap, *positiewe* Burgerskap en *konsekwente* Christenskap.

Eintlik bedoel ons die CAB van die Voortrekkers. Want, by ons bepaal die C die A en die B. Ons is Christen-Afrikaners en Christen-Suid-Afrikaners.

Die ABC van Die Voortrekkers is verweef in die grondslag, wese, kode en beloftes. Dit is die goue draad wat deur alles in Die Voortrekkers loop.

KONSEKWENTE CHRISTENSKAP

As ons regtig volgens die Bybel wil lewe, moet ons alles wat ons doen, vir die Here doen.
Ons is *konsekwente Christene* wanneer:

- ons die Here liefhet met ons hart en siel en al ons kragte (Deuteronomium 6:4)
- ons ons volle self aan Hom gee as lewende en heilige offers op 'n manier wat vir Hom aanneemlik is (Romeine 12:1)
- ons die opdrag van 1 Korintiërs 10:31 uitleef wat sê: Of julle eet en of julle drink of wat julle ookal doen, doen alles tot eer van God

Moderne Afrikaners wat konsekwente Christene is, wil daarom Christen-Afrikaners wees wat hulle taal en kultuur tot eer van God gebruik en as burgers van die land waarin hulle woon, 'n positiewe Christelike verskil in daardie land maak.

Praktiese voorbeelde om jou Christenskap konsekwent uit te leef, is wanneer:

- jy jou inhou as hulle jou laat geloop het op die rugbyveld
- jy 'n meisie met respek behandel wanneer jy haar laataand alleen huis toe vat
- jy eerlik werk met iemand anders se geld
- jy opstaan vir dit wat reg is al voel die groep anders en ten spyte van jou omstandighede
- jy die 10 gebooie probeer uitleef al bars die bottel
- jy nie steel nie, al sien niemand anders jou nie
- jy jouself innerlik gebonde ag aan dit wat reg is, al is dit tot jou eie nadeel
- jy respek het vir die huwelik en vir die feit dat God seks vir die huwelik bedoel het, al lok die versoeking hoe sterk
- jy onder alle omstandighede vertrou kan word

Vir konsekwente Christene is die Christelike geloof nie 'n uiterlike, aangeplakte ding of net 'n gewoonte nie -dit is 'n innerlike, lewendige oortuiging. Hulle soek die wil van God in alles wat hulle dink, sê of doen. Hulle gehoorsaam die Here omdat hulle Hom vertrou. Dit is Christene wat eenvoudig glo dat die pad van die Bybel altyd die beste pad is om te loop.

Om hierdie rede sê ons in ons eerste twee *Voortrekkerkodes*: 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God, dien Hom en lei 'n Christelike lewe. Vir ons kom dit heel eerste.

Die Christelike beginsel is egter ook bepalend by elkeen van die ander agt kodes.

Voortrekkers is nie soos 'n kerk nie. Ons doen net eenvoudig te veel dinge wat kerke nie doen nie. As kultuurbeweging kies ons nie vir 'n bepaalde kerk nie.

Ons vereis wel dat ons lede aan 'n aanvaarde Christelike kerk moet behoort, maar ons skryf nie voor watter kerk dit moet wees nie. Ons vereis juis daarom ook dat hulle in God Drie-enig moet glo en die Bybel as Woord van God moet aanvaar.

Ons probeer om die Bybelse opdrag dat ons God in alles moet dien, konsekwent deur te trek in al ons aktiwiteite as 'n kultuurbeweging. En as ons in Die Voortrekkers godsdiens hou, probeer ons ook nie om 'n sekere kerk se gebruike na te volg nie. Ons kies vir God, nie vir 'n bepaalde kerk nie.



Daarom sê ons grondwet dat God se bekendmaking van Homself en van Sy wet deur Sy Woord en in die orde van Sy skepping, die grondslag of fondament van Die Voortrekkers is. Ons wil doelbewus bou op die Bybel en God se wette in die skepping in alles wat ons as Voortrekkers doen.
Die grondwet stel dit so: *Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord- en die skeppingsopenbaring van God Drie-enig*.

MODERNE AFRIKANERSKAP
Die eintlike “besigheid” van Die Voortrekkers is Afrikanerkultuur: 'n beweging spesifiek vir Christen-*Afrikaners en Afrikaans*.

Die Afrikanerjeug is vir Die Voortrekkers baie belangrik. Juis daarom kan ons met Afrikaans en ons Afrikanerwees nie vassteek by 1938 of 1988 nie. Ons is nóú Afrikaners: in die 21e eeu!

Ons is moderne Afrikaners, met sappige, gespierde Afrikaans wat tintel op die internet, wat ywerig kommunikeer met sms'e en baldadig weerklink by die bokjol - wat ou Afrikaanse liedjies opdollie met 'n nuwe ritme en wat sorg vir bewegings wat jou die heelaand meevoer. Baie “bok”, maar nog meer “jol”. Ons is moderne Afrikaners wat ontdek het dat ons eie lekker is, nie minderwaardig is nie en ook nie noodwendig formeel hoef te wees om respek en liefde te verdien nie. Een van ons jong Afrikanerleiers sê: “Jy kan maar aan jou eie kant ook wees!”

Moderne Afrikaners maak van kunstefeeste eietydse volksfeeste en laat “die taal” weergalm tot in Pommieland se “London Underground”. Hulle reis die wêreld wat vroeër vreemd was, deur en kyk dit vierkantig in die oë. Hulle het aangepas by die groter wêreld wat deur moderne tegnologie klein geword het. Jy kan dit doen sonder om jou land, taal en kultuur prys te gee.

Vir moderne Afrikaners is oom Chrisjan de Wet en Danie Theron steeds volkshelde wat te midde van die druk op Afrikaans en die Afrikaner in Suider-Afrika opnuut 'n eie belangstelling vir die geskiedenis van die Afrikaner ontwikkel het. Kinders hang aan die lippe van die een wat 'n lekker storie- met feit en geur- uit ons eie verlede vertel.

Moderne Afrikaners wil Afrikaners bly al voel hulle die negatiewe effekte van die Afrikanerverlede aan hulle lyf en al moet hulle soms van ander Afrikaners die verstommende uitspraak hoor dat die Afrikaner saam met apartheid verdwyn het. As almal wat al foute gemaak het, moet verdwyn, wie kan bestaan!?

Miskien is dit nodig om dit op hierdie punt duidelik te stel dat Afrikanerwees en Afrikaans vir Die Voortrekkers vandag nie 'n rasseding nie, maar 'n kultuurding is. Vir ons is dit nie 'n "rasse-etiket" nie, maar 'n "kultuuretiket", nie 'n suiwer "wit" ding nie, maar 'n kultuurding.

Daarom verwelkom ons enige een by ons wat met ons assosieer. Wat ons betref, is almal wat so voel Afrikaners. Daar is nie iewers 'n paar vereistes en 'n aansoek wat deur een of ander raad goedgekeur moet word voordat iemand toegelaat word om as Afrikaner te kwalifiseer nie. In Die Voortrekkers soek ons na Christene wat deur vrye assosiasie Afrikaners geword het. Ons eie voorouers het immers opgehou om Duitser, Hollander, Fransman, Portugeus en wat ook al te wees en deur vrye assosiasie hulle lot by die Afrikaner ingewerp.

Soos ons dit sien, moet Afrikaans en die Afrikanerkultuur, om sterk en lewendig te bly, aanhou ontwikkel. In sy diepste wese gaan dit hier oor hoe moderne Afrikaners leef en praat en vir Die Voortrekkers: hoe moderne jong Afrikaners leef en praat. Daar is twee groot vereistes: dat hierdie leef en praat altyd aan die hand van Bybelse beginsels sal wees en dat taal en kultuur as produkte van die gees van die mens met respek en sensitiwiteit hanteer sal word. Innerlike taal- en kultuurtrots, as deel van selfrespek, kom ook uit in hoe jy praat en leef.

Kyk en luister na Voortrekkerkodes 4 en 5: ons hou ons taal en kultuur in ere en bou op die mooie in ons verlede.

POSITIEWE BURGERSKAP

As Voortrekkers is ons ook deel van die land waarin ons woon. Christene kan nooit hulle koppe onder die grond insteek en landsake aan ander oorlaat nie. Boonop het die politiek van die dag ook 'n invloed op taal, kultuur en die jeug sodat Die Voortrekkers as beweging die politiek nie kan ignoreer nie. Op een groot voorwaarde: ons bly 'n kultuurbeweging wat hom nie aan 'n bepaalde politieke party verbind nie. Ons wil nie die agteryers van enige politieke of kerklike of kulturele drukgroep wees nie. Daarby moet ons ook in gedagte hou dat Christen-Afrikaners ons teikengroep aan meer as een politieke party behoort.

Voortrekkers lewer dus 'n bydrae tot positiewe burgerskap vanuit die hoek van die Christen-Afrikanerkultuur.

Dit beteken dat ons al ons lede aanmoedig om as Christene 'n beter plek te maak van die land waarin hulle woon, 'n beter plek waarin almal regverdig behandel word. Of dit nou gaan oor mense se taal- of onderwys- of grondregte, of oor hulle reg op vrye assosiasie ten opsigte van kultuur, godsdiens, politiek ensovoorts, teenoor almal moet regverdig opgetree word. Jong Afrikaners wil hulle land op hierdie voorwaardes maak werk.

Uit 'n Christelike oogpunt werk 'n land nie net as daar ekonomiese voorspoed is of as net 'n uitgesoekte groep ryk word nie. 'n Land werk as al sy mense regverdig behandel word en die geleentheid of ruimte het om as volle mense godsdienstig, sosiaal, ekonomies, polities, kunskultureel te ontwikkel. 'n Land werk nie as een taal of kultuur bo 'n ander bevoordeel word nie, maar as die kultuurverskeidenheid as rykdom gesien en ondersteun word.

In hierdie opsig het Suid-Afrikaners ook die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet tot hulle beskikking indien daar na regsmaatreëls om regverdigheid af te dwing, gesoek moet word. Meer lande sit deesdae met 'n godsdienstige en kulturele verskeidenheid binne hulle eie grense. Lande in Suider-Afrika is hierin nie uniek nie.

As positiewe burgers is Voortrekkers bereid om uit te reik na ander en hulle kennis en vermoëns tot beskikking van ander te stel. Voortrekkers is bereid om 'n bydrae te lewer waar ons regtig kan - al gaan dit soms net oor kospakkies of die regstel van 'n verdraaide beeld van die Afrikaner by ander. Op die ou end help sulke aksies mense om te ontwikkel en om ander regverdig te beoordeel.

Ons is nie positiewe burgers omdat dit 'n modewoord is of omdat ander groepe ook hulle kant bring of omdat die owerheid dit dalk wil hoor nie. Ons is positief omdat dit ons roeping is. God roep ons om in ons land 'n verskil te maak.

As Christen-Afrikaners is ons natuurlik ook begaan oor hoe ons owerhede Afrikaans hanteer. As Afrikaans as 'n minderheidstaal in Suider-Afrika onder gaan, het die ander inheemse tale ook geen kans nie. Daarom kom ons op vir die regte van alle tale. As jy 'n taal wil beskerm- so sê die geleerdes- moet dit ook as 'n onderrigtaal op skool én naskools beskerm word en een of ander vorm van staatsteun geniet. Dit is regtig naïef om te dink dat 'n taal sy volle gebruikswaarde sal behou net omdat ons dit in die huis praat.

Voortrekkerkodes 3 en 6-10 praat oor positiewe burgerskap as dit die volgende sê: 'n Voortrekker is 'n positiewe landsburger, aanvaar gesag, waardeer en bewaar sy omgewing, neem leiding, is oplettend, weerbaar en diensvaardig.

Voortrekkers is ABC-mense! Nou, vandag.